

Hoofstuk: 1VD Paragraaf: 4.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
<p>Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word, is dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik en vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees - asof die uitverkiesing op die een of ander manier van hierdie dinge sou afhang.</p>			
<p>Die Sinode leer: Dit klink na Pelagius en is in stryd met die leer van die apostel waar hy skrywe: Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van ons vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid het ons deur sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, laat betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.</p>	<p>1 Efesiërs 2:3-9</p>	<p>onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het. En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes ... ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered— en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. 8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.</p>	<p>So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.</p>